- as u die orale voorbehoedpil gebruik, kan TEVLIGRAF die manier waarop dit werk verander. Ander vorme van voorbehoedmiddels moet gebruik word, bv. kondome (sien **Ander medisyne en TEVLIGRAF**)
- as u met lewende verswakte entstowwe ingeënt word.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls:

Wees besonder versigtig met TEVLIGRAF:

TEVLIGRAF bevat die aktiewe bestanddeel takrolimus wat in ’n verlengde vrystellende formulering aangebied word (lewer die dosis oor ’n lang tydperk). TEVLIGRAF word een keer per dag gedrink en is nie uitruilbaar met ander bestaande medisyne wat takrolimus (onmiddellik-vrystellende formulerings) bevat nie.

Sê vir u dokter indien enige van die volgende op u van toepassing is:

- As u enige van die middels hier onder genoem, gebruik (sien **Ander medisyne en TEVLIGRAF**).
- As u ingeënt moet word.
- As u erge buikpyn voel met ander simptome al dan nie, soos kouekoors, koors, naarheid of braking.
- As u vir meer as een dag diarree het.
- As u ’n rekord van abnormale elektriese aktiwiteit van die hart het (verlenging van die QT-interval in die elektrokardiogram).
- As u simptome soos hoofpyn, verandering in gedrag, toevalle (liggaam skud vinnig en onbeheerbaar) en dowwe of versteurde visie ervaar.
- As u lewerprobleme het of voorheen gehad het.

Vermy die neem van enige kruiemiddels, bv. St. Janskruid (*Hypericum perforatum*) of enige ander kruieprodukte aangesien dit die doeltreffendheid van jou TEVLIGRAF dosiswat jy

ontvang kan beïnvloed. As u twyfel, raadpleeg u dokter voordat u enige kruieprodukte of -middels gebruik.
Jou dokter sal dalk jou TEVLIGRAF dosis moet aanpas.

U moet u blootstelling aan die son en UV- (ultraviolet) lig beperk terwyl u TEVLIGRAF drink. Dit is omdat immuunonderdrukkers die risiko vir velkanker kan verhoog. Dra beskermende klere en gebruik ’n sonskerm met ’n hoë sonbeskermingsfaktor.

Bly in gereelde kontak met jou dokter Van tyd tot tyd sal u dokter dalk bloed-, urien-, hart- of oogtoetse moet doen om die regte dosis TEVLIGRAF te gee.

Voorsorgmaatreëls vir hantering:
Direkte kontak met enige deel van jou liggaam soos jou vel of oë, of inasem van die poeier wat in die kapsules is, moet vermy word. Indien kontak voorkom moet die vel en oë gewas word.

Kinders en adolessente:
Die gebruik van TEVLIGRAF vir kinders jonger as 18 jaar word nie aanbeveel nie.

Ander medisyne en TEVLIGRAF:
Sê altyd vir u gesondheidsorgverskaffer as u enige ander medisyne gebruik (waaronder aanvullende of tradisionele medisyne).
TEVLIGRAF moet nie saam met siklosporien (’n ander middel vir die voorkoming van oorplantingorgaanverwerping) gebruik word nie.

As jy 'n ander dokter as jou oorplantingspesialis moet besoek, vertel die dokter dat jy TEVLIGRAF neem. Jou dokter sal dalk jou oorplantingspesialis moet raadpleeg as jy 'n ander medisyne moet gebruik wat jou takrolimus-bloedvlak kan verhoog of verlaag.

Die bloedvlakke van TEVLIGRAF kan beïnvloed word deur ander medisyne wat u gebruik, en bloedvlakke van ander medisyne kan deur TEVLIGRAF beïnvloed word, wat onderbreking, waarvoor ’n verhoging of verlaging in dosis van TEVLIGRAF nodig mag wees.

Sommige pasiënte het verhogings in takrolimus-bloedvlakke ervaar terwyl hulle ander medisyne geneem het. Dit kan lei tot ernstige newe-effekte, soos nierprobleme, senuweestelselprobleme en hartritmestoornisse (sien **afdeling 4**).
'n Effek op die TEVLIGRAF-bloedvlakke kan baie gou na die aanvang van die gebruik van 'n ander medisyne voorkom, daarom kan gereelde volgehoue monitering van u TEVLIGRAF-bloedvlak nodig wees binne die eerste paar dae na die aanvang van 'n ander medisyne en gereeld terwyl behandeling met die ander medisyne voortduur. Sommige ander medisyne kan die takrolimus-bloedvlakke laat daal, wat die risiko kan verhoog om die oorgeplante orgaan te verwerp. In besonder, moet jy jou dokter vertel as jy medisyne gebruik of onlangs geneem het soos:

- antifungus medisyne en antibiotika, veral sogenaamde makrolied-antibiotika, wat gebruik word om infeksies te behandel bv. ketokonasool, flukonasool, itrakonasool, posakonasool, vorikonasool, klotrimasool, isavukonasool, mikonasool, telitromisien, eritromisien, klaritromisien, josamisien, azitromisien, rifampisien, rifabutien, isoniazid en flukloksosien.
- letermovir, gebruik om siektes wat deur CMV (menslike sitomegalovirus) veroorsaak word, te voorkom.
- MIV-protease-inhibeerders (bv. ritonavir, nelfinavir, saquinavir), die boostermedisyne cobicistat, en kombinasietablette, of MIV-nie-nukleosied omgekeerde transkriptase-inhibeerders (efavirens, etravirien, nevirapien) wat gebruik word om MIV-infeksie te behandel.

- HCV-protease-inhibeerders (bv. telaprevir, boceprevir, die kombinasie ombitasvir/paritaprevir/ritonavir met of sonder dasabuvir, elbasvir/grazoprevir en glecaprevir/pibrentasvir), wat gebruik word om hepatitis C-infeksie te behandel.
- nilotinib en imatinib, idelalisib, ceritinib, crizotinib, apalutamide, enzalutamide of mitotaan (gebruik om sekere kankers te behandel).
- mikofenolsuur, wat gebruik word om die immuunstelsel te onderdruk om oorplantingverwerping te voorkom.
- medisyne vir maag ulkus en suur refluks (bv. omeprazol, lansoprazol of cimetidien).
- antiemetika, gebruik om naarheid en braking te behandel (bv. metoklopramied).
- cisapried of die teensuurmiddel magnesium-aluminium-hidroksied, wat gebruik word om sooibrand te behandel.
- nefazodoon, wat gebruik word om depressie te behandel.
- medisyne wat gebruik word om hoë bloeddruk of hartprobleme te behandel (bv. nifedipien, nikardipien, diltiazem en verapamil).
- anti-disritmiese medisyne (amiodaroon) wat gebruik word om disritmie te beheer (ongelyke klop van die hart).
- medisyne bekend as statiene wat gebruik word om verhoogde cholesterol en trigliseriede te behandel.
- ergotamien, wat gebruik word om migraine hoofpyne te verlig.
- kruiepreparate wat St. Janskruid (*Hypericum perforatum*) of ekstrakte van *Schisandra sphenanthera* bevat.
- karbamasepien, fenitoïen of fenobarbital, gebruik om epilepsie te behandel.
- die voorbehoedpil of ander hormoonbehandelings met etinielestradiol, hormoonbehandelings met danazol.
- metamizool, gebruik om pyn en koors te behandel.

- die kortikosteroïede prednisoloon en metielprednisoloon, wat aan die klas kortikosteroïede behoort wat gebruik word om inflammasie te behandel of die immuunstelsel te onderdruk (bv. in oorplantingverwerping).
- as jy enige inentings moet kry, vertel jou dokter vooraf, want die entstowwe kan minder doeltreffend wees.
- cannabidiol (gebruike sluit onder andere behandeling van aanvalle in)

Vertel jou dokter as jy behandeling vir hepatitis C ontvang. Die medisynebehandeling vir hepatitis C kan jou lewerfunksie verander en kan bloedvlakke van takrolimus beïnvloed. Takrolimus bloedvlakke kan daal of kan styg, afhangende van die medisyne wat vir hepatitis C voorgeskryf word. Jou dokter sal dalk takrolimus-bloedvlakke noukeurig moet monitor en die nodige aanpassings van die TEVLIGRAF dosis moet maak nadat jy met behandeling vir hepatitis C begin het.

Vertel jou dokter as jy ibuprofen (wat gebruik word om koors, inflammasie en pyn te behandel), antibiotika (kotrimoksasool, vankomisien of aminoglikosied antibiotika soos gentamisien), amfoterisien B (gebruik om swaminfeksies te behandel) of antivirale middels (gebruik) neem of moet neem vir die behandeling van virale infeksies, bv. acyclovir, ganciclovir, cidofovir, foscarnet). Dit kan nier- of senuweestelselprobleme vererger wanneer dit saam met TEVLIGRAF geneem word.

U dokter moet ook weet of u terwyl u TEVLIGRAF drink kaliumaanvullings of sekere diuretika vir hartversaking, hipertensie en niersiekte (bv. amiloried, triamterene of spironolaktoon) of die antibiotika trimetoprim of cotrimoxazole wat die vlakke van kalium in jou bloed kan verhoog, niesteroïed anti-inflammatoriese middels (NSAIM's, bv. ibuprofeen) vir koors, inflammasie en pyn, antikoagulante (bloeddunmakers), of orale medisyne vir diabetes.

TEVLIGRAF saam met voedsel en drank:

Vermy pomelo's (ook as sap) tydens behandeling met TEVLIGRAF aangesien dit die vlakke daarvan in die bloed kan beïnvloed.

Swangerskap en borsvoeding:

As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om 'n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat u TEVLIGRAF drink.

Takrolimus kruis die plasenta. Moenie TEVLIGRAF tydens swangerskap gebruik nie.

TEVLIGRAF word in borsmelk uitgeskei. U moet nie u baba borsvoed terwyl u TEVLIGRAF drink nie.

Motorbestuur en gebruik van masjinerie:

U kan duiselig of lomerig voel, of probleme ondervind om helder te sien nadat u TEVLIGRAF gedrink het. Hierdie effekte kom meer dikwels voor as u ook alkohol drink.

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate TEVLIGRAF met u daaglikse aktiwiteite kan inmeng nie. U moet sorg dat u nie 'n voertuig bestuur of masjiene hanteer nie, totdat u weet hoe TEVLIGRAF u beïnvloed.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van TEVLIGRAF:

TEVLIGRAF bevat laktose. As u dokter vir u gesê het dat u 'n onverdraagbaarheid vir sekere suikers het, moet u u dokter skakel voordat u TEVLIGRAF drink.

TEVLIGRAF 5 mg kapsules bevat ponceau 4R. Dit kan allergiese reaksies veroorsaak.

3. Hoe om TEVLIGRAF te drink:

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.

Drink TEVLIGRAF altyd presies soos wat u dokter vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.
TEVLIGRAF moet slegs deur ’n dokter met ondervinding in die behandeling van oorplantingspasiënte aan u voorgeskryf word.
Maak seker dat u dieselfde takrolimusmedisyne (TEVLIGRAF) kry elke keer as u u voorskrif kry, tensy u oorplantingspesialis ingestem het om na ’n ander takrolimusmedisyne te verander. As die voorkoms van die medisyne nie soos gewoonlik is nie, of as die dosisinstruksies verander het, moet u so gou moontlik met u dokter of apteker praat om seker te maak dat u die regte medisyne het.
Die aanvangsdosis om die verwerping van u oorgeplante orgaan te voorkom, sal volgens u liggaamsgewig deur u dokter bepaal word. Aanvanklike daaglikse dosisse net na die oorplanting sal gewoonlik in die gebied van 0,10 tot 0,30 mg per kg liggaamsgewig per dag wees, afhangende van die oorgeplante orgaan. Wanneer verwerping behandel word, kan dieselfde dosisse gebruik word.
U dosis hang af van u algemene toestand en van watter ander immuunonderdrukkende medisyne u gebruik. Nadat u behandeling met TEVLIGRAF begin het, sal u dokter gereeld bloedtoetse doen om die korrekte dosis te bepaal. Daarna sal u dokter gereelde bloedtoetse nodig hê om die korrekte dosis te bepaal en om die dosis van tyd tot tyd aan te pas.
TEVLIGRAF word een keer per dag in die oggend gedrink. Drink TEVLIGRAF op ’n leë maag of 2 tot 3 uur na ’n ete. Laat ten minste 1 uur voor die volgende ete. Drink die kapsules onmiddellik nadat u dit uit die stulpstrook gehaal het. Die kapsule moet heel met ’n glas water afgesluk word. Moenie die droogmiddel wat in die foeliesakkie is, drink nie.
U moet TEVLIGRAF elke dag drink vir so lank as wat u immuunonderdrukking nodig het om verwerping van u oorgeplante orgaan te voorkom. Bly in gereelde kontak met jou dokter

As u meer TEVLIGRAF gedrink het as wat u moes:

Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

As u vergeet om TEVLIGRAF te drink:

As u vergeet het om u TEVLIGRAF-kapsules in die oggend te drink, drink dit so gou moontlik op dieselfde dag. Moenie ’n dubbele dosis drink om vir vergete individuele dosisse op te maak nie.

As u ophou om TEVLIGRAF te drink:

As u u behandeling met TEVLIGRAF stop, kan u die kans vir die verwerping van u oorgeplante orgaan verhoog. Moenie ophou om TEVLIGRAF te drink tensy u dokter so sê nie.

4. Moontlike newe-effekte:

TEVLIGRAF kan newe-effekte veroorsaak.
Nie al die newe-effekte wat vir TEVLIGRAF aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u TEVLIGRAF drink, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

TEVLIGRAF verlaag u liggaam se verdedigingsmeganisme (immuunstelsel), wat nie so goed sal werk om infeksies te beveg nie. Daarom kan u meer geneig wees om infeksies te kry terwyl u TEVLIGRAF drink.
Sommige infeksies kan ernstig of dodelik wees en kan infeksies insluit wat veroorsaak word deur bakterieë, virusse, swamme, parasiete of ander infeksies. Vertel jou dokter dadelik as jy tekens van 'n infeksie kry, insluitend:

- Koors, hoes, seer keel, voel swak of algemeen onwel.
- Geheueverlies, probleme om te dink, probleme om te loop of verlies van visie - dit kan wees as gevolg van 'n minder gereelde, ernstige breininfeksie, wat dodelik kan wees (Progressiewe Multifokale Leuko-enkefalopatie of PML).

Erge effekte kan voorkom, insluitend allergiese en anafilaktiese reaksies. Goedaardige en kwaadaardige gewasse is na TEVLIGRAF-behandeling aangemeld.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om TEVLIGRAF te drink en onmiddellik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:

- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel wat probleme met sluk of asemhaling kan veroorsaak
- veluitslag of jeuk
- floutes.

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u ’n ernstige reaksie op TEVLIGRAF gehad het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

Vertel jou dokter dadelik of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal as jy het of vermoed dat jy enige van die volgende ernstige newe-effekte kan hê:

Ernstige gereelde newe-effekte:

- Gastrointestinale perforasie: sterk buikpyn al dan nie vergesel met ander simptome, soos kouekoors, koors, naarheid of braking.
- Onvoldoende funksie van jou oorgeplante orgaan.
- Versteurde visie.

Ernstige minder gereelde newe-effekte:

- Hemolitiese uremiese sindroom, 'n toestand met die volgende simptome: lae of geen urienuitset (akute nierversaking), uiterste moegheid, vergeling van die vel of oë (geelsug) en abnormale kneusing of bloeding en tekens van infeksie.
- Trombotiese Trombositopeniese Purpura (of TTP), 'n toestand wat gekenmerk word deur koors en kneusing onder die vel wat as rooi puntpunte kan voorkom, met of

sonder onverklaarbare uiterste moegheid, verwarring, vergeling van die vel of oë (geelsug), met simptome van akute nier mislukking (lae of geen urine uitset).

- Giftige epidermale nekrolise: erosie en blase van vel of slymvliese, rooi geswelde vel wat in groot dele van die liggaam kan los raak.
- Blindheid.
- Stevens-Johnson-sindroom: onverklaarbare wydverspreide velpyn, gesigswelling, ernstige siekte met blase op die vel, mond, oë en geslagsdele, korwe, tongswelling, rooi of pers veluitslag wat versprei, velafskeiding.
- *Torsades de Pointes*: verandering in die hartfrekwensie wat al dan nie gepaard kan gaan met simptome, soos borspyn (angina), floutes, vertigo of naarheid, hartkloppings (voel die hartklop) en moeilike asemhaling.

Ernstige newe-effekte - frekwensie is onbekend:

- Opportunistiese infeksies (bakterieë, swam, virale en protosoë): langdurige diarree, koors en seer keel.
- Goedaardige en kwaadaardige gewasse is aangemeld na behandeling as gevolg van immuunonderdrukking.
- Gevalle van suiwer rooisel-aplasie ('n baie ernstige afname in rooibloedseltellings), hemolitiese anemie (verminderde aantal rooibloedselle as gevolg van abnormale afbreek gepaardgaande met moegheid) en febriele neutropenie ('n afname in die tipe witbloedselle wat infeksie te beveg, gepaardgaande met koors) is aangemeld. Dit is nie presies bekend hoe gereeld hierdie newe-effekte voorkom nie. Jy mag dalk geen simptome hê nie of afhangende van die erns van die toestand, kan jy voel: moegheid, apatie, abnormale bleekheid van die vel (bleekheid), kortasem, duiseligheid, hoofpyn, borspyn en koue in hande en voete.

- Gevalle van agranulositose ('n erge verlaagde aantal witbloedselle wat gepaard gaan met maagsere in die mond, koors en infeksies). Jy mag dalk geen simptome hê nie of jy kan skielike koors, erge en seer keel voel.
- Posterior omkeerbare enkefalopatie-sindroom (PRES): hoofpyn, verwarring, gemoedsveranderinge, aanvalle en versteurings van jou visie. Dit kan tekens wees van 'n versteuring bekend as posterior omkeerbare enkefalopatie-sindroom, wat by sommige pasiënte wat met TEVLIGRAF behandel is, aangemeld is.
- Optiese neuropatie (abnormaliteit van die optiese senuwee): probleme met jou visie soos versteurde visie, veranderinge in kleurvisie, moeilikheid om detail te sien of beperking van jou gesigsveld.

Dit is alles ernstige newe-effekte. Jy benodig dalk dringende mediese hulp.

Die newe-effekte hieronder gelys kan ook voorkom na die neem van TEVLIGRAF en kan ernstig wees:

Algemene newe-effekte:

- verhoogde bloedsuiker, diabetes mellitus, verhoogde kalium in die bloed.
- moeilikheid om te slaap.
- bewing, hoofpyn
- verhoogde bloeddruk
- lewerfunksietoetse abnormaal
- diarree, naarheid
- nierprobleme
- daling in bloedseltellings (plaatjies, rooi- of witbloedselle), toename in witbloedseltellings, veranderinge in rooibloedseltellings (gesien in bloedtoetse)
- minder magnesium, fosfaat, kalium, kalsium of natrium in die bloed, vloeistofoorlading

- hoër vlakke uriensuur of lipiede in die bloed, laer eetlus, hoër suurheid van die bloed, ander veranderinge in die bloedsoute (gesien in bloedtoetse)
- angs simptome, verwarring en disoriëntasie, depressie, gemoedsveranderinge, nagmerrie, hallusinasies, geestesversteurings
- aanvalle, bewussynsversteurings, tinteling en gevoelloosheid (soms pynlik) in die hande en voete, duiseligheid, verswakte skryfvermoë, senuweestelselafwykings
- oogafwykings, groter sensitiwiteit vir lig
- gelui in die ore
- minder bloedvloei in die hartvate, vinniger hartklop
- bloeding, gedeeltelike of volledige blokkering van bloedvate, lae bloeddruk
- kortasemheid, veranderinge in die respiratoriese weefsel, versameling van vloeistof rondom die longe, ontsteking van die farinks, hoes, griepagtige simptome
- inflammasie of ulkusse wat buikpyn of diarree veroorsaak, bloeding in die maag
- inflammasies of sere in die mond, versameling van vloeistof in die maag, braking
- abdominale pyn, slegte spysvertering, hardlywigheid, winderigheid, opgeblasenheid, los stoelgang, maag probleme
- galafwykings, geel verkleuring van die vel as gevolg van lewerprobleme, skade aan lewerweefsel en inflammasie van die lewer
- jeuk, uitslag, haarverlies, aknee, meer sweet
- pyn in die gewrigte, ledemate, rug en voete
- spier spasmas
- onvoldoende funksie van die niere, minder produksie van urien, swak of pynlike urinering
- algemene swakheid, koors, versameling van vloeistof in die liggaam, pyn en ongemak
- toename van die ensiem alkaliese fosfatase in die bloed, gewigstoename, gevoel van versteurde temperatuur.

Minder algemene newe-effekte:

- veranderinge in bloedstolling, vermindering in die aantal van alle soorte bloedselle (gesien in bloedtoetse)
- dehidrasie
- verminderde proteïen of suiker in die bloed, verhoogde fosfaat in die bloed
- koma, bloeding in die brein, beroerte, verlamming, breinafwyking, spraak- en taalafwykings, geheueprobleme
- vermeerderde harigheid
- psigotiese versteurings
- ondeursigtigheid van die ooglens
- gestremde gehoor
- onreëlmatige hartklop, stop van hartklop, swakker werking van die hart
- versteuring van die hartspier, vergroting van die hartspier, sterker hartklop abnormale EKG, hartklop en pols abnormaal
- bloedklont in ’n aar van ’n ledemaat, skok
- probleme met asemhaling, lugwegafwykings, asma
- vorming van sist in die pankreas
- obstruksie in die ingewande, hoër vlakke van die ensiem amilase in die bloed
- refluks van maaginhoud in die keel, stadige lediging van die maag
- probleme met bloedvloei in die lewer, lewerversaking
- inflammasie van die vel, brandende sensasie in sonlig
- ernstige siekte met blase op die vel, mond, oë en geslagsdele
- gewrigsversteuring, minder mobiliteit
- onvermoë om te urineer
- pynlike urinering met bloed in die urien
- onvermoë om te urineer, pynlike menstruasie en abnormale menstruele bloeding

- meervoudige orgaanversaking, griepagtige siekte, hoër sensitiwiteit vir hitte en koue, gevoel van druk op die bors, wankelrige of abnormale gevoel, gewigsverlies
- toename in vetweefsel
- hoër vlakke van die ensiem laktaatdehidrogenase,
- klein bloeding onder jou vel as gevolg van bloedklonte
- verhoogde spierstyfheid
- doofheid
- versameling van vloeistof om die hart
- akute asemloosheid
- dors, val, gevoel van benoudheid in jou bors, ulkus
- spierswakheid
- abnormale hartskandering.

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

Aanmeld van newe-effekte:

Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. U kan newe-effekte ook by SAROGP (SAHPRA) aanmeld met die toepaslike vorm, naamlik **6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form** wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van TEVLIGRAF te gee.

5. Hoe om TEVLIGRAF te bêre:

HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.

Bêre by of onder 25 °C.

Bêre in die oorspronklike pakkie om teen lig en vog te beskerm.

Moenie na die vervaldatum op die stulpstroke gebruik nie.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.

Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

Inhoud van die pak en ander inligting:

Wat TEVLIGRAF bevat:

Die aktiewe bestanddeel is takrolimus (as monohidraat).

Die ander bestanddele is:

Kapsule-inhoud: etielsellulose, hipromellose (tipe 2910), laktosemonohidraat, magnesiumstearaat.

Kapsuledop: swart ysteroksied (E172), gelatien, ponceau 4R, rooi ysteroksied (E 172), geel ysteroksied (E 172), titaandioksied (E171).

Drukink: swart ysteroksied, kaliumhidroksied, propileenglikol en skellak

Hoe TEVLIGRAF lyk en die inhoud van die pakkie:

TEVLIGRAF 0,5: hardegelatienkapsule van grootte 5 met ’n wit tot afwit poeier. Romp: ligoranje met "0.5 mg" in swart radiaal gedruk. Dop: liggeel met "TR" in swart radiaal gedruk.

TEVLIGRAF 1: hardegelatienkapsule van grootte 4 met ’n wit tot afwit poeier. Romp: ligoranje met "1 mg" in swart radiaal gedruk. Dop: Wit met "TR" in swart radiaal gedruk.

TEVLIGRAF 3: hardegelatienkapsule van grootte 1 met ’n wit tot afwit poeier. Romp: ligoranje met "3 mg" in swart radiaal gedruk. Dop: ligoranje met "TR" in swart radiaal gedruk.

TEVLIGRAF 5: hardegelatienkapsule van grootte 0 met ’n wit tot afwit poeier. Romp: ligoranje met "5 mg" in swart radiaal gedruk. Dop: grysrooi met "TR" in swart radiaal gedruk.

TEVLIGRAF 0,5: Die kapsules is verpak in stulpstroke van PVC/PVDC/aluminium.

Stulpstroke word in multi-laag aluminiumsakkies met droogmiddel verpak.

Pakkies met 30, 50 en 100 verlengde-vrystellende kapsules is beskikbaar.

TEVLIGRAF 1: Die kapsules is verpak in stulpstroke van PVC/PVDC/aluminium. Stulpstroke word in multi-laag aluminiumsakkies met droogmiddel verpak.

Pakkies met 30, 50, 60 en 100 verlengde-vrystellende kapsules is beskikbaar.

TEVLIGRAF 3: Die kapsules is verpak in stulpstroke van PVC/PVDC/aluminium. Stulpstroke word in multi-laag aluminiumsakkies met droogmiddel verpak.

Pakkies met 30, 50 en 100 verlengde-vrystellende kapsules is beskikbaar.

TEVLIGRAF 5: Die kapsules is verpak in stulpstroke van PVC/PVDC/aluminium. Stulpstroke word in multi-laag aluminiumsakkies met droogmiddel verpak.

Pakkies met 30, 50 en 100 verlengde-vrystellende kapsules is beskikbaar.

Nie alle pakgroottes mag noodwendig bemark word nie.

Houer van die registrasiesertifikaat:

Teva Pharmaceuticals (Edms) Bpk

Maxwell Kantoorpark

Magwasingelwes

Waterfall City

Midrand

Gauteng

2090

Tel.: 011 055 0200

Hierdie blad is laas hersien in:

10 November 2022

Registrasienommer:

TEVLIGRAF 0,5: 52/34/0220

TEVLIGRAF 1: 52/34/0221

TEVLIGRAF 3: 52/34/0222

TEVLIGRAF 5: 52/34/0223